Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2011

RELIGIESTUDIES V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

* R L S E A *

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: (VRAAG 1) is VERPLIGTEND.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming met die puntetoekenning by elke vraag wees.

5. Antwoord elke vraag op ’n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) wat weggelaat is in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer. Kies die antwoorde uit die volgende lys.

Monoteïsme; Politeïsme; Ateïsme; sinkretisme; teisme; evangelisme

1.1.1 ... is die geloof in baie gode. (2)
1.1.2 ... is die geloog dat een of meer gode die wêreld geskep het en na mense omsien. (2)
1.1.3 ... is die proses om elemente van een godsdiens in ʼn ander godsdiens te integreer. (2)
1.1.4 ... is die geloof in een god. (2)
1.1.5 ... is die ontkenning van die waarheid of nuttigheid van godsdiens. (2)

1.2 Kies uit die groep woorde hieronder die woord wat NIE pas NIE. Skryf die woord in jou ANTWOORDEBOEK.

1.2.1 Jesus Christus; Moses; Mohammed; Abraham (2)
1.2.2 Kruis; Vis; Halaal; Maria (2)
1.2.3 Bethlehem; Durban; Mekka; Jerusalem (2)
1.2.4 Pastoor; Inyanga; Sangoma; Kleipot (2)
1.2.5 Koran; Vedas; Bybel; Woordeboek (2)

1.3 Definieer die volgende konsepte in die konteks van godsdiens.

1.3.1 Teokrasie (2)
1.3.2 Sekularisme (2)
1.3.3 Ekumenisme (2)
1.3.4 Mite (2)
1.3.5 Ritueel (2)

1.4 Dui aan watter van die volgende stellings is WAAR of ONWAAR. Kies die antwoord en skryf ‘waar’ of ‘onwaar’ langas die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die Ortodokse Kerk is die kleinste Christelike groep in Suid-Afrika.
1.4.2 Islam is een van die Abrahamitiese godsdienste.
1.4.3 Poligamie is ʼn huwelik met meer as een persoon.
1.4.4 Die Vedas word beskou as die heilige boek van die Christelike geloof.
1.4.5 Brahman is ʼn Hindoe god.

1.5 Watter godsdiens word deur elk van die volgende persone verteenwoordig?

1.5.1 Jesus van Nasaret (2)
1.5.2 Baha’u’llah (2)
1.5.3 Profeet Mohammed (2)
1.5.4 Siddharta Gautama (2)
1.5.5 Brahma (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> In Suidelike Afrika bestaan jagter-versamelaar gemeenskappe, bekend as die San of Boesmans, reeds vir duisende jare tot vandag nog. Argeoloë beweer dat die voorvaders van die San moontlik vir 20 000 jaar terugdateer! Gedurende hierdie tyd het die San-gemeenskappe verskeie veranderinge ondergaan.
>
> Die belangrikste ritueel, wat vandag nog steeds beoefen word, is die beswymingsdans ('trance dance'). Die beswymingsdans het gehelp om siekes gesond te maak deur hulle aan die krag van die geesteswêreld te koppel. Hierdie ritueel genees ook die groep as 'n geheel omdat dit hulle daaraan herinner dat hulle deel van 'n gemeenskap is wat mekaar kan help gedurende moeilike tye.
>
> [Geneem uit: *Focus on Religion Studies, Grade 11* deur Donne et al. 2005:9]

2.1.1 Godsdiens is nie staties nie maar dinamies (verander). Stem jy saam met hierdie stelling met betrekking tot die San-godsdiens? Motiveer jou antwoord. (4)

2.1.2 Die beswymingsdans is 'n belangrike ritueel in die San-gemeenskap. Hoekom word dit 'n ritueel genoem en watter rol speel dit in die San-gemeenskap? (6)

2.1.3 Is die geloofstelsel van die San-gemeenskap monoteïsties of politeïstiese? Motiveer jou antwoord. (4)

2.1.4 Tradisionele genesing is 'n belangrike praktyk in die San-gemeenskap. Dink jy dat tradisionele genesing 'n deurslaggewende rol in die stryd teen MIV/Vigs kan speel? Motiveer jou antwoord. (6)

2.1.5 Waarom is die San-gemeenskap as 'n jagter-versamelaar gemeenskap bekend? (2)

2.1.6 Wat word die geestelike krag van die San-gemeenskap genoem? (2)

2.2 Noem:

2.2.1 VIER sendinggodsdienste. (8)

2.2.2 DRIE nie-sendinggodsdienste (6)

2.3 Daar is sekere konsepte wat dieselfde is in al die godsdienste. Noem SES van hulle. (12)

[50]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die verskil tussen verteenwoordigende- en voorstellende simbole. (10)

3.2 Lees die volgende Hindoe storie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Voor die wêreld, hemel of sterre, was daar leë duisternis, maar dit was warm en vogtig en kabbelend deur die heelal. Skielik het ŉ geluid begin, totdat dit alle ruimte gevul het: OM soos hierdie geluid-woord versprei, het dit die heelal in ŉ eindelose oseaan verander. Dobberend uit die dieptes het ŉ saad gekom wat ŉ goue eier geword het. Die OM-geluid het dit toegevou en dit was binne die eierdop totdat, na ŉ lang tyd, dit self in Brahma, die Skepper van die Wêrelde, gevorm het.
>
> Toe Brahma gereed was om gebore te word, het hy vanuit die eier gebroei, soos ŉ kuiken. Hy het die hemel van die helfte van die dop gemaak, en die aarde van die ander helfte. Hy het die lug tussen die twee geplaas om hulle apart te hou.
>
> Toe die aarde gereed was, het Brahma lewende dinge van alle soorte gemaak en aan hulle die sin van gevoel en krag gegee om hulself te skep. Baie eeue het verby gegaan, terwyl hy deur die aarde gesweef en sy skepping verlig het. Daarna het hy homself verdeel en ŉ ander wese, Saravasti, geskep. So gou as wat sy ontstaan het, het hy verlief op haar geraak. Hulle het getrou en hul huweliksnag (van ŉ honderd jaar) in ŉ geheime grot deurgebring. Teen die einde van die tyd, was die eerste menslike wese, Manu, gebore.
>
> [Geneem uit: *Shuters: Religion Studies Grade 11*, 2006 p28]

3.2.1 Is die storie ŉ verhaal of ŉ mite? Motiveer jou antwoord deur jou keuse krities te definieer. (6)

3.2.2 Wat is die doel van hierdie storie? (2)

3.2.3 Volgens hierdie storie, hoe het die eerste wese ontstaan? (2)

3.2.4 Hierdie storie vertel ons oor die Hindoe geloof. is hulle monoteïsties of politeïstiese? Motiveer jou antwoord. (4)

3.2.5 Haal uit die storie aan ŉ bewys van ŉ huwelik tussen die gode. (2)

3.2.6 Wie was volgens die storie verantwoordelik vir die skepping? (2)

3.2.7 Hoe, dink jy, het hierdie Hindoe storie oor die skepping behoue gebly totdat dit neergeskryf was? (2)

3.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> ʼn Huwelik is ʼn baie belangrike oorgangsperiode. Daar is ʼn vermenging van wêrelde en ʼn bymekaarkom van die wêrelde van die voorvaders. Dit is presies wat die huwelik behels – die bymekaarkom van die voorvaders van die man se stam en voorvaders van die vrou se stam. Dus is ʼn huwelik nie net tussen twee individue nie. Stamme word bymekaar gebring. Geestelik beteken dit dat twee wêrelde van voorvaders bymekaar gebring word – twee families word in ʼn huwelik bymekaar gebring. Dit vereis baie ingewikkelde en noukeurige rituele om die proses op ʼn veilige manier moontlik te maak. Wanneer andersheid op hierdie manier bymekaarkom, veral wanneer daar bloed betrokke is, is dit ʼn potensiële gevaarlike ding om te gebeur. Dit kan baie afbrekende gevolge hê indien dit nie behoorlik hanteer word nie.
>
> [Vryelik vertaal uit: Kwenda, C. Et al. 1997: *African Religion and Culture Alive*]

3.3.1 Verduidelik kortliks die konsep *ritueel.* (4)

3.3.2 Hoe dink jy, wat is die ‘potensiële gevare’ waarna Dr C. Kwenta verwys? (4)

3.3.3 Dink aan ʼn huwelik seremonie waarvan jy weet of wat jy bygewoon het. Beskryf kortliks EEN ritueel wat deel van daardie seremonie was. (8)

3.3.4 Verduidelik hoe die ritueel in VRAAG 3.3.3 die belangrikheid van die verandering wat plaasgevind het, beklemtoon het. (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende konsepte soos van toepassing op godsdiens:

4.1.1 Missie (4)

4.1.2 Evangelisme (4)

4.1.3 Dialoog (4)

4.1.4 Ekumenisme (4)

4.1.5 Inkretisme (4)

4.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika verseker godsdiens diversiteit. Hoofstuk 2 van die Handves van Menseregte (Bill of Rights) handel oor die fundamentele menseregte, wat erkenning en beskerming van godsdiensvryheid in Suid-Afrika insluit.
> Artikel 15: Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening verklaar dat:
>
> 1. Elkeen die reg het op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.
> 2. Godsdiensbeoefening by staat-of staatsondersteunende instellings kan geskied mits:
>
> a) Daardie beoefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is.
> b) Dit op billike wyse geskied; en
> c) Bywoning daarvan vry en vrywillig is.

4.2.1 Is Suid-Afrika ŉ sekulêre of teokratiese staat? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (4)

4.2.2 Wat is ŉ ateïstiese staat? Noem EEN land as ŉ voorbeeld. (4)

4.2.3 Dink jy dat Suid-Afrika die Artikel 1 van die Verenigde Nasies ondersteun? Motiveer jou antwoord. (6)

4.2.4 Definieer *godsdiensvryheid* en toon aan hoedat dit in jou skool bevorder en toegepas kan word. (6)

4.3 Noem enige VYF kenmerke wat gebed definieer. (5 x 2) (10)

[50]

VRAAG 5

5.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Baie van die wêreld se godsdienste vertel mense dat hulle tyd van die werk moet afneem. 'Ontspanning' is wat mense doen om af te skakel en hulself te geniet wan neer hul werk afgehandel is. Hulle sosialiseer saam, speel speletjies, kyk TV, en so voorts. Hoe dit ook al sy, wat mense doen vir ontspanning laat somtyds ernstige etiese vrae ontstaan.
>
> [Geneem uit: *Shuters Religion Studies Grade 11* by Donne *et al*. 2006:74]

5.1.1 Skryf TWEE ontspanning aktiwiteite neer wat jy dink die meeste godsdienste te gunste is, en skryf TWEE ontspanning aktiwiteite neer wat jy dink godsdiens gekant is. (8)

5.3.2 Definieer die verskil tussen ontspanning aktiwiteite wat godsdienste ondersteun en daardie wat hulle afkeur. (4)

5.1.3 Gee 'n opsomming van die hoofredes waarom godsdienste blyk gekant te wees teen ontspanning aktiwiteite waar dwelms, alkohol en dobbel betrokke is. (8)

5.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Dwelms is verslawend. Wanneer mense dwelms gebruik kan hulle nie ophou nie, selfs wanneer hulle wil ophou. Mense moet beskerm word deur dit moeilik vir hulle te maak om dwelms in die hande te kry
>
> [Onbekend]

5.2.1 Indien jy in die regering was, wat sou jy besluit watter beleid is die beste – om dwelms te verbied of om dit onder beheerde omstandighede toe te laat? Gee redes vir jou antwoord. (10)

5.2.2 Beskryf watter rol godsdiens in die dwelm probleem kan speel. (10)

5.3 Noem VYF omgewingsprobleme wat die wêreld vandag affekteer. (5 x 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 150